Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die tyd, metode en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing, of nadelige invloed op mens of dier, of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Vermy vel en oogkontak deur die dra van beskermende oorklere (oorpak, beskermende handskoene, rubberstewels en gesigskerf) tydens die vermenging en toediening van die produk.

- Was met seep en koue water na gebruik en na toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Alle persone in direkte kontak met die produk, insluitend merkers moet beskermende oorklere (Oorpak, handskoene, rubberstewels en gesigskerm) dra.
- Verwyder alle besoedelde klere en skoene.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel op ander gewasse, weidings, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- **Moet nie** spuit wanneer bye aktief is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Raak ontslae van die spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Spoel die leë houer **drie keer** uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan minstens 30% van die houer. Gooi die spoelwater by die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- **Moet nooit** die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.
- Leë houers moet vernietig word deur gate daarin te maak en plat te druk en in 'n goedgekeurde stortingsterrein begrawe te word.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of mengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op die etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge ervaar indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur is **DOXSTAR FLO** 'n groepkode 22 A insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **DOXSTAR FLO** of enige ander groepkode 22 A insekdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekpopulasie oorheers indien hierdie insekdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende insekte mag waarskynlik nie deur **DOXSTAR FLO** of enige ander groepkode 22 A insekdoder beheer word nie.

Om insekdoder weerstand te vertraag:

- Verhoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders van dieselfde insekdodergroepkode.
- Wissel af met, of gebruik tenklangsels van, geregistreerde produkte van verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermetodes (chemiese, verbouing of biologies) binne die insekbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling met **DOXSTAR FLO** soos aanbeveel nie doeltreffend was nie, mag 'n weerstandbiedende populasie teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik oorweging geskenk word aan die gebruik van 'n insekdoder met 'n ander metode van werking, waarvan daar geen rekord van weerstand teen die betrokke plaag is. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Sommige insekte (*Helicoverpa armigera*, *Chrysodeixis acuta*, *Plutella xylostella* en *Phthorimae operculella*) is in staat om weerstand teen kommersieël beskikbare produkte te ontwikkel. Indien weerstand ontwikkel, sal aanbevole dosisse nie daarin slaag om die plaagbevolking onder die ekonomiese drempelwaardes te bring nie. Die aanvang van weerstand kan nie voorspel word nie en plaaslike gewasoplossingspesialiste moet geraadpleeg word vir aanbevelings teen weerstand. As gevolg van sy unieke metode van werking, is **DOXSTAR FLO** ideaal in toedienings waar weerstandsbestuur belangrik is. Deurdat daar geen bewys van insekweerstand teen indoksakarb is nie, sal die volgende riglyne die effektiewe lewensduur van die produk verleng:

1. Waar toepaslik, wissel **DOXSTAR FLO** af met middels van verskillende chemiese klasse (karbamaat, piretroïed, organofosfaat en IGR). Slegs geregistreerde produkte uit hierdie klasse kan gebruik word. Die maksimum aantal toedienings per seisoen met **DOXSTAR FLO** soos onder **GEBRUIKSAANWYSINGS** op hierdie etiket moet nie oorskry word nie.

2. Monitor insekpopulasies en dien **DOXSTAR FLO** toe volgens die etiketinstruksies wanneer lokale insekpopulasies ekonomiese drempelwaardes bereik het. Meer as een toediening mag nodig wees vir elke infestasië. In sekere gewasse moet **DOXSTAR FLO** voorkomend toegedien word.
3. Volg die etiketaanwysings vir akkurate toedieningshoeveelhede, spuitintervalle asook vir die optimale tydsberekening wanneer **DOXSTAR FLO** toegedien moet word.
4. **DOXSTAR FLO** neem voordelige insekte en myte in ag. Sulke voordelige insekte wat na toediening oorbly, kan help om herinfestasië te beheer/verminder. Oorlewende voordelige spesies kan addisionele druk op die plaagpopulasie plaas en derhalwe help om weerstandigheidspotensiaal te verminder.

METODE VAN WERKING

DOXSTAR FLO inhibeer natrium-ioon indringing in senuweeselle, met die gevolglike verlamming en dood van die plaag. Dood vind binne 1-2 dae plaas, maar inhibering van die plaagvoeding vind binne 2-8 ure plaas. **DOXSTAR FLO** is aktief as 'n larfdoeder deur inname (maag-aksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontak-aksie). **DOXSTAR FLO** is ewe aktief op larwes van alle ontwikkelingsstadiums. **DOXSTAR FLO** is wesenlik 'n Lepidoptera-spesifieke-insekdoder en is veilig vir die meeste voordelige insekte, insluitende roofmyte. **DOXSTAR FLO** is ook effektief in warm klimaatstoestande.

DOXSTAR FLO is matig giftig vir heuningbye. **DOXSTAR FLO** moet dus nie direk op werkende bye gespuit word nie. Sodra die spuitneerslag droog is, kan bye toegelaat word om in bespuite areas te werk.

Sodra die spuitneerslag op die teikenarea droog is, sal **DOXSTAR FLO** nie deur reënval of besproeiing afgewas word nie, en hierdie toestande sal dus geen invloed op die normale nawerking van **DOXSTAR FLO** hê nie.

NOODREGISTRASIES

Die volgende is as noodregistrasies goedgekeur. Die beheer van Kommandowurm, insluitend Herfs kommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) op Gars, Canola, Koolgewasse, Koring, Mielies en Suikermielies; Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*) op Gars, Canola en Koring; Langhoringkewer (*Cacosceles (Zelogenes) newmani* (Thomson) in Suikerriet en Tamatie bladmynermot (larwe) (*Tuta absoluta*) op Soetrissies, Tamaties en Aartappels. Produkte wat vir noodregistrasies goedgekeur is, word nog steeds vir doeltreffendheid, selektiwiteit en residuë geëvalueer. Let asseblief daarop dat veiligheid vir die mens en omgewing alreeds goedgekeur is.

LUGTOEDIENING:

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik dat die volgende kriteria nagekom word:

Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliëse of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teiken sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60-75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels binne-in die vlerkpuntvorteks te beperk.

Toedieningsvereistes

- 'n Minimum volume van 30 l spuitmengsel per ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30 - 40 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250-280 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, dié wat kleiner as 150 mikron is, tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.

- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt van 'n draai is, tydens 'n duik or terwyl dit uitklim of draai nie.

Meteorologiese toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesings, soos bepaal met behulp van 'n swaai-higrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Moet nie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande of gedurende die hitte van die dag, wanneer stygende en dalende konveksie-windbeweging plaasvind, spuit nie.
- Moenie onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvog toestande spuit nie, want dit kan die volgende veroorsaak:
 - i. Verlaagde effektiwiteit a.g.v. die suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (wat lei tot onvoldoende bedekking op die teikenarea).
 - ii. Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk weg van die teikenarea af.
- Moet nie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die betrokke data in 'n logboek saamgevat word vir toekomstige verwysing.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

Deeglike en egalige bedekking van die gewas is noodsaaklik. Vermoed toediening gedurende die hitte van die dag, as die plante nat is of wanneer reën verwag word. Dien hierdie produk 2 – 3 keer per seisoen soos aangedui toe.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **DOXSTAR FLO** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Deurdat formulering van tyd tot tyd kan verander word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat die tenkmengsel aangemaak word. Wanneer **DOXSTAR FLO** met ander produkte vermeng word, moet die instruksies op die etiket van daardie betrokke produkte noukeurig gevolg word. **DOXSTAR FLO** is mengbaar met bymiddels soos H&R Crop Oil (L 6802).

MENGINSTRUKSIES

Maak die tenk halfvol met skoon water en meng die vereiste hoeveelheid **DOXSTAR FLO** met water in 'n emmer of mengbak. Voeg die **DOXSTAR FLO** mengsel en die balans van die water in die spuittenk terwyl dit geroer word.

Handhaaf konstante, deeglike roering gedurende vermenging en bespuiting. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van die toediening.

AANBEVELINGS

GEWAS/PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
<p>Appels en Pere</p> <p>Kodlingmotlarwes (<i>Cydia pomonella</i>)</p>	<p>25 ml/100 l water</p>	<p>Looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe en verseker deeglike bedekking. • Dien teen die eerste generasie van die plaag toe. Begin toediening by 75% blomblaarval, met die aanvang van die eerste generasie van die plaag. • Dien toe in 'n spuitprogram van hoogstens 14 dae intervalle. • Moet nie 'n maksimum van 2 toedienings per seisoen, insluitend toedienings met hierdie produk teen Afrika (Amerikaanse) bolwurm (sien hierbo) oorskry nie. • Om die ontwikkeling van weerstand te voorkom, moet produkte met 'n ander metode van werking teen die ander twee kodlingmot-generasies gebruik word.
<p>Gebande Vrugte Kalander (Snuitkewer) (<i>Phlyctinus callosus</i>)</p>	<p>25 ml/100 l water</p>	<p>Looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe en verseker deeglike bedekking. • Begin toediening by 75% blomblaarval, of wanneer die snuitkewers in die kartonlokvalle opgemerk word, of wanneer daar voedingskade op die laer lote opgemerk word. Herhaal toediening na 14-21 dae indien infestasië volhard. • Moet nie meer as 2 toedienings in totaal per seisoen toedien nie. Indien 'n derde toediening nodig is, gebruik 'n geregistreerde middel met 'n ander werkswyse.

Gars		
<p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwe</p>	<p>125 – 150 ml / ha PLUS 'n nie-ioniese benatter teen die aanbevole dosis.</p>	<p>Dien voorkomende of korrekatief soos verlang word in 300 – 600 liter water per hektaar toe en verseker deeglike bedekking. Die gebruik van hol – of volkeëlspruitkoppe word aanbeveel. Gebruik die hoër dosis wanneer korrekatief toegedien word. Gebruik die laer dosis vir daaropvolgende toedienings indien in 'n gewone spuitprogram gebruik word. Dien 'n blokbepuiting van 2 tot 3 opeenvolgende DOXSTAR FLO toedienings toe, en wissel dan met produkte met 'n ander metode van werking af. Die byvoeging van 'n organosilikon-benatter vir beter bedekking, word aanbeveel. DOXSTAR FLO beheer alle larwale instars met kontak.</p>
<p>Kommandowurm (insluitend Herfs kommandowurm) (<i>Spodoptera</i> sp. insluitend <i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>150 ml / ha PLUS 'n nie-ioniese benatter teen die aanbevole dosis.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dien in 300 – 600 l water/ha toe. Gebruik hol- of volkeëlspruitkoppe. • Dien as 'n voldekbepuiting toe om egalige en deeglike bedekking te verseker. • Dien toe met eerste tekens van infestasië. Toedienings moet die eiers en klein instarlarwes teiken. • Indien bykomende toedienings vereis word, dien teen intervalle van 5 – 7 dae toe. Gebruik die korter intervalperiode tydens hoë infestasië of indien toestande gunstig is vir infestasië. • Die afwisseling van DOXSTAR FLO met produkte wat 'n ander metode van werking het, word aanbeveel. Dien egter 2 DOXSTAR FLO toedienings opeenvolgend (blok toediening) toe voordat oorgegaan word na produkte met 'n ander metode van werking. • Moet nie meer as 2 toedienings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. • Die meeste voordelige insekte en predatoriese myte word nie deur DOXSTAR FLO toedienings beïnvloed nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel by die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.

<p>Canola</p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwe</p> <p>Kommandowurm (insluitend Herfs kommandowurm)</p> <p>(<i>Spodoptera</i> sp. insluitend <i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>125 – 150 ml / ha PLUS 'n organosilikoon benatter teen die aanbevole dosis.</p> <p>150 ml / ha PLUS 'n organosilikoon benatter teen die aanbevole dosis.</p>	<p>Dien voorkomende of korrekatief soos verlang word in 300 – 600 liter water per hektaar toe en verseker deeglike bedekking. Die gebruik van hol – of volkeëlspuitkoppe word aanbeveel. Gebruik die hoër dosis wanneer korrekatief toegedien word. Gebruik die laer dosis vir daaropvolgende toedienings indien in 'n gewone spuitprogram gebruik word. Dien 'n blokbepuiting van 2 tot 3 opeenvolgende DOXSTAR FLO toedienings toe, en wissel dan met produkte met 'n ander metode van werking af. Die byvoeging van 'n organosilikoon-benatter vir beter bedekking, word aanbeveel. DOXSTAR FLO beheer alle larwale instars met kontak.</p> <p>Begin met toediening sodra die infestasië op blare en blomme waargeneem word. Die byvoeging van 'n organosilikoon-benatter vir beter bedekking, word aanbeveel.</p> <p>Grondtoediening: Dien in 250 liter water per hektaar toe. Verseker deeglike bedekking.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien in 300 – 600 l water/ha toe. Gebruik hol- of volkeëlspuitkoppe. • Dien as 'n voldekbepuiting toe om egalige en deeglike bedekking te verseker. • Dien toe met eerste tekens van infestasië. Toedienings moet die eiers en klein instarlarwes teiken. • Indien bykomende toedienings vereis word, dien teen intervalle van 5 – 7 dae toe. Gebruik die korter intervalperiode tydens hoë infestasië of indien toestande gunstig is vir infestasië. • Die afwisseling van DOXSTAR FLO met produkte wat 'n ander metode van werking het, word aanbeveel. Dien egter 2 DOXSTAR FLO toedienings opeenvolgend (blok toediening) toe voordat oorgegaan word na produkte met 'n ander metode van werking. • Moet nie meer as 2 toedienings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. • Die meeste voordelige insekte en predatoriese myte word nie deur DOXSTAR FLO toedienings beïnvloed nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel by die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.
<p>Koolgewasse:</p> <p>(Kool, broccoli, blomkool en Brusselse spruite)</p> <p>Kommandowurm (insluitend Herfs-kommandowurm)</p> <p>(<i>Spodoptera</i> sp. insluitend <i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>200 ml/ha – 300 ml/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dien in 300 – 600 l water/ha toe. Gebruik hol- of volkeëlspuitpunte. • Gebruik die hoër dosis wanneer korrekatief toegedien word of om matige tot hoë infestasië te beheer. Dien die laer dosis toe as voorkomend toegedien word of om lae infestasië te beheer. • Dien toe as 'n volle dekbepuiting en verseker eweredige en deeglike bedekking. • Dien toe met die eerste tekens van infestasië. Toedienings moet op die eiers en klein instarlarwes gerig wees. • Indien bykomende toedienings vereis word, dien met tussenposes van 5-7 dae toe. Gebruik die korter interval tydens periodes van hoë infestasië of wanneer toestande gunstig is vir besmetting.

		<ul style="list-style-type: none"> Die afwisseling van DOXSTAR FLO met produkte met 'n ander metode van werking word aanbeveel. Dien egter 2 tot 3 DOXSTAR FLO bespuitings agtereenvolgens toe (blokbespuiting), voordat daar na produkte met 'n ander metode van werking verander word. Moet nie meer as 5 bespuitings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur toedienings van DOXSTAR FLO geaffekteer nie. <p>Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel by die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>
<p>Koring</p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwe</p> <p>Kommandowurm (insluitend Herfs kommandowurm)</p> <p>(<i>Spodoptera</i> sp. insluitend <i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>125 – 150 ml / ha</p> <p>150 ml / ha</p>	<p>Dien voorkomende of korrekatief soos verlang word in 300 – 600 liter water per hektaar toe en verseker deeglike bedekking. Die gebruik van hol – of volkeëlspruitkoppe word aanbeveel.</p> <p>Gebruik die hoër dosis wanneer korrekatief toegedien word. Gebruik die laer dosis vir daaropvolgende toedienings indien in 'n gewone spuitprogram gebruik word. Dien 'n blokbespuiting van 2 tot 3 opeenvolgende DOXSTAR FLO toedienings toe, en wissel dan met produkte met 'n ander metode van werking af. Die byvoeging van 'n organosilikoon-benatter vir beter bedekking, word aanbeveel. DOXSTAR FLO beheer alle larwale instars met kontak.</p> <ul style="list-style-type: none"> Dien in 300 – 600 l water/ha toe. Gebruik hol- of volkeëlspruitkoppe. Dien toe met eerste tekens van infestasië. Toedienings moet die eiers en klein instarlarwes teiken. Dien as 'n voldekbepuiting toe om egalige en deeglike bedekking te verseker. Indien bykomende toedienings vereis word, dien teen intervalle van 5 – 7 dae toe. Gebruik die korter intervalperiode tydens hoë infestasië of indien toestande gunstig is vir infestasië. Die afwisseling van DOXSTAR FLO met produkte wat 'n ander metode van werking het, word aanbeveel. Dien egter 2 DOXSTAR FLO toedienings opeenvolgend (blok toediening) toe voordat oorgegaan word na produkte met 'n ander metode van werking. Moet nie meer as 2 toedienings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. Die meeste voordelige insekte en predatoriese myte word nie deur DOXSTAR FLO toedienings beïnvloed nie. Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel by die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.
<p>Mielies</p> <p>Kommandowurms (insluitend Herfs-kommandowurm)</p> <p>(<i>Spodoptera</i> sp. insluitend <i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>200 ml/ha – 300 ml/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> Dien in 'n minimum van 450 l water/ha toe. Dien bo-oor die kelk van die plante toe en verseker deeglike en egalige bedekking. Om optimale resultate te verseker, moet toedienings vroeg in die oggend gedoen word wanneer daar dou teenwoordig is. Die afwesigheid van reën of besproeiing binne 3 dae na toediening kan tot 'n afname in beheer met DOXSTAR FLO toedienings lei.

		<ul style="list-style-type: none"> • Toedienings wat met water opgevolg word is nodig om die spuitmengsel in die kelk in te was. • Gebruik die hoër dosis wanneer korrektyf behandel word of om matige tot hoë infestaties te beheer. Gebruik die laer dosis wanneer voorkomend toegedien word of om lae infestasiëvlakke te beheer. • Dien toe met die eerste tekens van infestasië. Toedienings moet op die eiers en klein instarlarwes gerig wees. • Indien bykomende toedienings vereis word, dien toe met tussenposes van 5-7 dae. Gebruik die korter interval tydens periodes van hoë infestasië, of wanneer toestande gunstig is vir 'n infestasië. • Die afwisseling van DOXSTAR FLO met produkte met 'n ander metode van werking word aanbeveel. • Moet nie meer as 3 toedienings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur toedienings van DOXSTAR FLO geaffekteer nie. <p>Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>
<p>Rissies</p> <p>Tamatie blaarmynermot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>Grondtoediening:</p> <p>150 ml / ha.</p> <p>(Wanneer > 1000 l spuitmengsel per ha toegedien word, gebruik 15 ml / 100 l water)</p>	<p>Voorkomende / Vroeë korrektywe blaartoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien in 500 – 1500 l water per ha toe. • Verseker egalige en deeglike bedekking van alle blare. In die geval van opgeleide rissies, moet beide kante van die rissies se rye gespruit word. • Monitor volwasse motvlugte. • Begin toedienings van DOXSTAR FLO by die uitbroei van eiers of wanneer die heel eerste merke sigbaar is wat deur die pas uitgebroeide larwes gemaak is. • Indien bykomende toedienings vereis word, moet toedienings op 8 dae intervalle gedoen word. • DOXSTAR FLO het 'n doeltreffendheid van ongeveer 85% teen <i>Tuta absoluta</i> larwes. Die byvoeging van 'n geskikte geregistreerde bevorderingsmiddel kan die doeltreffendheid na ongeveer 95% verhoog as gevolg van verbeterde penetrasie van die aktiewe bestanddeel in die blare. • Gereelde verkenning van rissielande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste en daaropvolgende toedienings te bepaal, indien nodig. • DOXSTAR FLO kan in 'n 8 - 14 dag intervalprogram onder toestande van aanhoudende herinfestasië toegedien word. Gebruik die korter interval vroeg in die groeiseisoen wanneer plante aktief groei. • Dien 2 - 3 opeenvolgende toedienings van DOXSTAR FLO toe (blokbespuiting) voordat daar verander word na produkte met ander metodes van werking. Moet nie meer as 6 bespuitings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur toedienings van DOXSTAR FLO geaffekteer nie. <p>Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>

<p>Tafeldruiwe</p> <p>Gebande Vrugte Kalander (Snuitkewer) Vrugte Skade (<i>Phlyctinus callosus</i>)</p>	<p>20 ml/100 l water.</p>	<p>Looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting teen 1000 - 1500 l spuitmengsel per ha toe (afhangende van die wingerdstok grootte). • Begin toediening vanaf 25 cm lootlengte af, wanneer die snuitkewers die eerste keer opgemerk word in kartonlokvalle, of wanneer die eerste voedingskade opgemerk word op die laer lote. Die tyd van eerste verskyning van kalanders (snuitkewers) varieer van gebied tot gebied, maar kan normaalweg vanaf middel Oktober tot middel November verwag word. 'n Tweede toediening mag 14 dae later nodig wees indien die infestasië bly. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie 'n maksimum van 2 toedienings van DOXSTAR FLO in totaal per seisoen op die gewas oorskry nie. Indien 'n derde toediening benodig word, word 'n geregistreerde produk met 'n ander metode van werking aanbeveel.
<p>Steenvrugte (Perskes, Nektariens en Pruime)</p> <p>Amerikaanse bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>15 ml /100 l water.</p>	<p>Looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe teen 500 - 2000 l spuitmengsel per ha toe. • Dien voorkomend toe of wanneer eiers of larwes teenwoordig is, maar voordat die larwes die vrugte penetreer. 'n Opvolgtoediening 10-14 dae later, afhangende van die herinfestasië van die plaag, mag nodig wees. • Verseker egalige en deeglike bedekking van die hele boom. • Moet nie 'n maksimum van 2 bespuitings van DOXSTAR FLO in totaal per seisoen op die gewas oorskry nie.
<p>Tamaties Afrika (Amerikaanse) bolwurmlarwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>150 ml/ha.</p> <p>(Indien > 1000 l spuitmengsel per ha toegedien word, gebruik 15 ml/100 l water)</p>	<p>Korrektiewe looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe in 500-1500 l water per ha. • Verseker deeglike en egalige bedekking. • Dien toe wanneer die eerste larwes opgemerk word – normaalweg om en by vrugset. DOXSTAR FLO sal alle larfstadiums beheer. • Gereelde inspeksie van tamatielande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste, asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel. • DOXSTAR FLO kan in 'n 8-14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei. • Dien 2-3 opeenvolgende bespuitings van DOXSTAR FLO (blokbespuiting) toe voordat oorgeskakel word na ander geregistreerde produkte met ander metodes van werking. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur DOXSTAR FLO toedienings benadeel word nie. <p>Die byvoeging van 'n geskikte nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>

<p>Aartappelmot larwes. (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>150 ml / ha (Indien > 1000 ℓ spuitmengsel per ha toegedien word, gebruik 15 ml/100 ℓ water)</p>	<p>Voorkomende / Vroeë korrektiewe looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien in 500-1500 ℓ water per ha toe. • Verseker deeglike en egalige bedekking. Opgeleide tamaties moet aan beide rykante bespuit word. • Dien toe met die eerste teken van infestasië (myne) op die blare of wanneer die volwasse aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte in en om die loof is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasië op hande is. • Die tyd van opvolgbespuitings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke tamatielande plaas te vind. • DOXSTAR FLO kan in 'n 8-14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende herinfestasië gebruik word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei. • Dien 2-3 opeenvolgende bespuitings van DOXSTAR FLO (blokbespuiting) toe voordat oorgeskakel word na ander geregistreerde produkte met ander metodes van werking. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur DOXSTAR FLO toedienings benadeel word nie. <p>Die byvoeging van 'n geskikte nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>
<p>Tamatie Blaarmynermot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>Grondtoediening: 150 ml/ha (Wanneer > 1000 ℓ spuitmengsel toegedien word per ha, gebruik 15 ml / 100 ℓ water)</p>	<p>Voorkomende / Vroeë korrektiewe blaartoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien in 500 – 1500 ℓ water per ha toe. • Verseker egalige en deeglike bedekking van alle blare. In die geval van opgeleide tamaties, moet beide kante van die tamatie rye bespuit word. • Monitor volwasse motvlugte. • Begin toedienings van DOXSTAR FLO by die uitbroei van eiers of wanneer die heel eerste merke sigbaar is wat deur die pas uitgebroeide larwes gemaak is. • Indien bykomende toedienings vereis word, moet toedienings op 8 dae intervalle gedoen word. • DOXSTAR FLO het 'n doeltreffendheid van ongeveer 85% teenoor <i>Tuta absoluta</i> larwes. Die byvoeging van 'n geskikte geregistreerde bevorderingsmiddel kan die doeltreffendheid na ongeveer 95% verhoog as gevolg van verbeterde penetrasie van die aktiewe bestanddeel in die blare. • Gereelde verkenning van tamatielande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste en daaropvolgende toedienings te bepaal, indien nodig. • DOXSTAR FLO kan in 'n 8 - 14 dae intervalprogram toegedien word onder toestande van aanhoudende herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die groeiseisoen wanneer plante aktief groei. • Dien 2 - 3 opeenvolgende toedienings van DOXSTAR FLO toe (blokbespuiting) voordat daar oorgeskakel word na produkte met ander metodes van werking. Moet nie meer as 5 bespuitings van DOXSTAR FLO per seisoen toedien nie. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur toedienings van DOXSTAR FLO geaffekteer nie. <p>Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.</p>

<p>Aartappels Aartappelmotlarwes (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p> <p>Tamatie blaarmynermot (larwe) (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>Grondtoediening: 125 ml/ha</p> <p>Lugtoediening: 150 ml/ha</p>	<p>Voorkomende / Vroeë korrektiewe looftoediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Grondtoediening: Dien in 500-1000 ℓ water per ha toe. • Lugtoediening: Dien in 'n minimum van 30 ℓ water per ha toe. • Verseker deeglike en egalige bedekking. • Dien met die eerste teken van infestasië (myne) op die blare toe of wanneer die volwasse aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasië op hande is. • Die tyd van opvolgbespuitings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke aartappellande plaas te vind. • DOXSTAR FLO kan in 'n 8-14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende herinfestasië toegedien word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei. • Dien 2-3 opeenvolgende bespuitings van DOXSTAR FLO (blokbespuiting) toe voordat daar oorgeskakel word na ander geregistreerde produkte met ander metodes van werking. • DOXSTAR FLO sal ook Afrika (Amerikaanse) bolwurmlarwes beheer. Raadpleeg aanbevelings hierbo (Tamaties) vir die korrektiewe beheer van hierdie plaag. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur DOXSTAR FLO toedienings benadeel word nie. • Erd plantrye minstens twee keer per seisoen op. • Laat toedienings van DOXSTAR FLO, wanneer plante terugsterf, sal nie goeie beheer van aartappelmotlarwes gee nie. <p>Die byvoeging van 'n geskikte nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. Die aartappels kan 3 dae na 'n DOXSTAR FLO toediening geoes word.</p>
<p>Suikerriet Suikerriet Stronkboorder (<i>Eldana saccharina</i>) (larwes)</p>	<p>Blaartoediening: 150 ml/ha</p> <p>Lugtoediening: 180 ml / ha</p>	<p>Vroeë korrektiewe toediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verkenning in die land is van uiterste belang om Suikerriet stronkboorder te voorkom. • Die gebruik van DOXSTAR FLO word slegs aanbeveel wanneer plante aktief groei. • Moet nie DOXSTAR FLO op suikerriet toedien wat onder droogtestres is nie. Larwes wat reeds die stingels binnegedring het, sal nie deur DOXSTAR FLO spuitmengsels beheer word nie. • Optimale werking van DOXSTAR FLO hang van die voldekbepuiting van die blare van die behandelde plant af. Larwes moet voed op die behandelde plantegroei om beheer te word. Daarom sal larwes wat voed op blare wat geen spuitneerslag op het nie, nie beheer word nie. • Dien DOXSTAR FLO in 350-500 ℓ water/ha toe. • Moet nie binne 6 ure na 'n DOXSTAR FLO toediening besproei nie. • Lugtoediening: Dien toe in 'n minimum van 30 ℓ water per hektaar.

		<ul style="list-style-type: none"> • Alhoewel DOXSTAR FLO larwes van alle stadiums van ontwikkeling sal beheer, insluitend die groot 5^{de} instarlarwes; larwes wat die stingels binnegedring het of versteek word deur digte blare tydens toediening sal nie voldoende beheer word nie. Dus is dit noodsaaklik om deeglike bedekking van blare te verseker. • Moet nie vier toedienings van DOXSTAR FLO per seisoen oorskry nie. As 'n 5^{de} toediening benodig word, gebruik 'n geregistreerder insekdoder met 'n ander werkswyse. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur DOXSTAR FLO toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n geskikte nie-ioniese byvoegmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Sien belangrike notas hieronder.
--	--	---

NOTAS OOR DIE BEHEER VAN SUIKERRIET STRONKBOORDER (*Eldana saccharina*) LARWES OP SUIKERRIET:

Landboubeheerpraktyke:

- Plant onbesmette saadriet om gewas stand te verbeter.
- Deur vroeg te oes kan die impak van suikerrietstronkboordergetalle verminder, deurdat suikerrietstronkboordergetalle en skade vermeerder soos die gewas verouder, veral ná ongeveer 12 maande.
- Gewasse onder stres is meer vatbaar vir aanvalle en onder uiterste toestande soos droogte, kan skade aansienlik verhoog.
- Die praktyk om swaar besmette gewasse te brand en gevolglike goeie landhigiëne kan die aanvanklike infestasië verminder.
- Wanneer die gewas geoes word, is dit belangrik om te verseker dat die stingels op grondvlak afgesny word, omdat bogrondse stingelmateriaal larwes kan huisves.
- Die "stoot-trek" suikerriet habitat bestuursprogram is 'n opsie vir biologiese beheer.
- Daar is verskille tussen kultivarweerstand teen suikerrietstronkboorder; kies u kultivars volgens die suikerrietstronkboorderisiko in u area.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

H&R Crop oil (L 6802)

H&R Global Special Product Sales (Edms.) Bpk.